

16 Julie

Skriflesing: Romeine 12:1-8

Fokusgedeelte: Romeine 12:2

God verander ons langs die weg waarop ons ons denke vernuwe

In ons snel groeiende en haastig veranderende wêreld sou ons dalk 'n opdrag van God verwag om stadiger te beweeg, by ou dinge stil te staan en nie te verander nie. Verbasend genoeg is dit nie sy opdrag in hierdie teks nie. Hy sê juis dat ons ons moet laat verander.

Hoe moet ons verander? Baie duidelik beveel Hy dat ons nie so moet verander dat ons soos die sondige wêreld word nie. In ons geloofslawe moet ons dus nie al hoe meer soos ongelowiges praat, optree of lyk nie. Hy wil ons na die beeld van Christus verander. In die verandering self is ons passief. Dit is iets wat God in ons doen. Wat ons aktief moet doen en waarop ons ons elke dag moet toespits, is om ons denke te vernuwe.

Vernuwe is 'n woord waarmee ons as Gereformeerdes versigtig omgaan, maar hier sê God ons moet daaglik en voortdurend *nuut* dink oor sy opdragte in die Bybel. Ons moet al ons geloofsgewoontes waaraan ons al jare lank vashou, 'n slag toets en vasstel of hulle werklik nog Bybels is, ongeag of hulle Gereformeerd is. Hy beveel dat ons dus van die dinge van die sondige wêreld wegvlug en dit wat reg is, najaag. Die Heidelbergse Kategismus noem die optrede *bekering* (Son 33, vr 88). In hierdie konteks kan die wêreldse en verkeerde dinge byvoorbeeld die volgende wees: stagnering in die geloof, swye oor jou geloof, skyngeloof sonder daade, liefdeloosheid in jou geloof, ens.

Ons moet dus groei in die geloof. Alleen met 'n vernuwende denke sal ons as volwasse, steeds groeiende gelowiges kan onderskei tussen die sondige, wêreldse dinge en dit wat vir God reg en aanneemlik is.

Sing: Psalm 92:1,4,6,7 Ds LJ Buys (Rustenburg-Wes)